## 305 My God ek het U lief




Maar, o my Jesus aan die kruis
omhels u liefde my:
die spykers en die spies, die smaad
het U vir my gely.

Die smarte en die marteling,
my ganse sondelas,
en selfs die dood en dit vir my
toe ek u vyand was.

Hoe kan ek, liefdevolle Heer,
U dan nie ook bemin?
Nie om die hel eens te ontvluug
of saligheid te win.

Dis nie die hoop op wins of loon
wat hierdie liefde wek;
U het my eerste liefgehad
en my tot U getrek.

So bring ek U my liefde, Heer,
u diens word my genot
net omdat U my Koning is,
my Heiland en my God.

St Franciskus Xavier (c.1506-52) J. Turle (1802-82)